

HOU BABA WARM

BENODIGDHEDE: 2 bolle (20 g elk) 4-draad-breigaring; een paar 3,25-mm-breinaalde; 'n stuk smal lint; paar drade borduurgaring in 2 kontraskleure.

SPANNING: 28 ste en 36 rye = 10 x 10 cm.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); alt - alternatiewe; beg - begin; vermin - verminder; vlg - volgende; vermeer - vermeerder; tgso - trek glipsteek oor; oorbl - oorblywende; gl - glip gs - glipsteek; ks - koussteek = een ry regs, een ry aweregs; tes - tesame; g vt - garing vorentoe

KOUSIES (Brei 2 eenders)

Stel 36 ste op en brei 5 rye, vermeer 4 ste eweredig gespasieer oor laaste ry. Brei nog 5 cm ks, eindig na 'n aw-ry.

Vlg ry: r 3, (g vt, r2 tes, r 1) tot laaste st, r 1.

Brei 3 rye ks, vermin 3 ste eweredig verdeel oor laaste ry.

Voetvorming: **Vlg ry:** r 12, plaas dié ste op 'n stekehouer, r 13, draai, plaas oorbl 12 ste ook op 'n stekehouer.

Beg aw-ry, brei 4 cm ks op die 13 ste, eindig na 'n aw-ry.

Hou die ste eenkant en met regte kant van werk voor, glip ste van regterkantse stekehouer op breinaald. Heg garing vas, tel op en brei 11 ste oor regterkant van voet, r 13, tel op en r 11 ste af oor linkerkant van voet, r ste van linkerkantse stekehouer — 59 ste.

Soolvorming: **1e ry:** r 2, gl 1, r 1, tgso, r 22, r2 tes, r 3, gl 1, r 1, tgso, r 22, r2 tes, r 2.

2e ry en vlg 2 alt rye: r.

3e ry: r 2, gl 1, r 1, tgso, r 20, r2 tes, r 3, gl 1, r 1, tgso, r 20, r2 tes, r 2.

5e ry: r 2, gl 1, r 1, tgso, r 18, r2 tes, r 3, gl 1, r 1, tgso, r 18, r2 tes, r 2.

7e ry: r 2, gl 1, r 1, tgso, r 16, r2 tes, r 3, gl 1, r 1, tgso, r 16, r2 tes, r 2. Heg af.

Dié bykomstighede is ook iets om gou vir 'n basaar te brei

VIISHANDSKOENTJIES (Brei 2 eenders)

Stel 35 ste op en brei 5 rye, vermeer 3 ste eweredig gespasieer oor laaste ry.

Brei 2 cm ks, eindig na 'n aw-ry.

Vlg ry: r 2, (g vt, r2 tes, r1) tot einde.

Brei 5 cm ks, eindig na 'n aw-ry.

Afronding: **1e ry:** (r 2, gl 1, r 1, tgso, r 11, r2 tes, r2) 2 keer.

2e en daaropvlg 2 alt rye: aw.

3e ry: (r 2, gl 1, r 1, tgso, r 19, r2 tes, r 2) 2 keer.

5e ry: (r 2, gl 1, r 1, tgso, r 7, r2 tes, r 2) 2 keer.

AFWERKING: Moenie pars nie. Borduur blommetjies met 2 kontraskleure in made-liefsteek op agterkant van elke vuishandskoentjie en op kousbeentjie soos op foto gesien kan word. Werk nate toe en ryg lint deur gaatjies.